9 Februarie 2024

'N GEDAGTE UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Gelukkige kinders presteer!

Indien jy 'n kind soos 'n WENNER behandel, hy/sy ook soos 'n WENNER optree.

Netbal

Die o.13 leerders neem deel aan die netbalfees by Hoërskool Secunda op 20 – 21 Februarie.

Wedstryde begin om 18:00. Die ouers is welkom om hulle te kom ondersteun.

Netbalproewe vir o.10 en 0.11 vind plaas op Maandag, 19 Februarie en begin om 14:00.

Landsdiens

Op Vrydag 23 Februarie is dit ons groot tentedorp en registrasiedag. Onthou jou R300 aansluitingsfooi en registrasievorm wat ingehandig moet word.

Mini-landsdieners se registrasie vind plaas vanaf 13:00 – 16:00 op die rugbyveld.
Graad 4 – 7 registrasie volg vanaf 16:00 – 18:00.

Die tentedorp (oornag aksie) vir al die graad 1 – 7 leerders wat geregistreer het, vind daarna plaas. Julle wil dit nie misloop nie!

Ons sien uit om almal daar te sien.

Swem uitslae

Baie sterkte aan al ons swemmers wat op 16 en 17 Februarie 2024 aan die ouderdomsgroep 6 – swemgala in Nelslpruit deelneem. Ons weet dat dit baie goed sal gaan!



Rugby

Baie sterkte aan ons 1ste span wat die komende week gaan deelneem aan Hoërskool Secunda se rugbyfees. Ons nooi alle ouers uit om asseblief ons 1ste span te ondersteun.

Dinsdag,20 Februarie 2024

Wedstryd tye	Wedstrydbepalings	Skeidsregter
18:00	Goedehoop vs Trichardt	Marco Viviers
18:40	Curro vs Hoëveld	Jano van der Merwe
19:20	Kruinpark vs Secunda	Donovan Young

Woensdag,21 Februarie 2024

Wedstryd tye	Wedstrydbepalings	Skeidsregter
18:00	Secunda vs Curro	Gerhard Engelbrecht
18:40	Goedehoop vs Kruinpark	Steven Jacobs
19:20	Trichardt vs Hoëveld	Barend Bezuidenhout

Donderdag,22 Februarie 2024

Wedstryd tye	Wedstrydbepalings	Skeidsregter
18:00	Kruinpark vs Hoëveld	Dylan van Heerden
18:40	Trichardt vs Curro	CJ Maritz
19:20	Goedehoop vs Secunda	Jan Divan Preuyt

Atletiek

Ons deel graag die volgende uitslae van die afgelope week se atletiek-byeenkomste met u:

Tydens die Hoëveldgroep byeenkoms van 7 Februarie 2024, het ons wenner-atlete die volgende medaljes verwerf:

15 x goud
18 x silwer
15 x brons

Op 8 Februarie by die Hoëveldrif Wes se *Circuit* byeenkoms verower ons atlete nog puik plekke.

19 x goud
22 x silwer
12 x brons

Die eerste twee plekke van die Hoëveldrif Wes byeenkoms het deurgedring na die Govan Mbeki Munisipaliteit byeenkoms wat op 13 Februarie plaasgevind het.

En so hou ons nie op met spog nie!

Baie geluk aan al die leerders wat aan die GMM byeenkoms deelgeneem het. Julle het almal baie goed presteer. Ons stap weg met 23 podium plekke, waarvan 11 eerste plekke is en 15 van ons atlete deurdring na Gert Sibande wat op 23 Februarie plaasvind. Dankie vir al die atlete, ouers en personeel wat van die seisoen ‘n sukses gemaak het. Die leerders wat volgende week gaan deelneem is:

1. Ennike du Plessis
2. Brand du Plessis
3. Link Schneider
4. Ethan Williams
5. Miane Schneider
6. Lia Krugell
7. Mione Joubert
8. Kara Janse van Rensburg
9. Miane Venter
10. Zine van den Heever
11. Edrich Nell
12. Olivia Adendorff
13. Jason Kitchenbrand
14. HW Meyer
15. Janco Scheepers

Baie sterkte aan elkeen van julle!

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF